GROOT LYDENSWEEK
Woensdag, 4 April 2007
Ds Freddie Shoeman

Die Dinsdag van die eerste Groot Lydensweek was 'n emosioneel uitmergelende dag gewees. Jesus moes liggaamlik en geestelik baie moeg gewees het toe Hy en sy dissipels huiswaarts – Betanië toe – keer. Hulle loop deur die Kidron vallei en klim teen die Olyfberg op. Van die Olyfberg af kyk die dissipels terug en sien Jerusalem, die heilige stad, en die tempel in die laatmiddag son glinster. Hulle was vervul met verwondering.

"Here, kyk watter geweldige klippe en watter geweldige geboue!"

Veral die tempel was iets om te aanskou. Dit was 'n indrukwekkende gebou, werklik groot in omvang. Die platvorm waarop die tempel gebou is, was so groot soos ses rugbyvelde langs mekaar. Die temelgebou self, wat die heilige en die allerheiligste gehuisves het, was uit wit marmer gebou wat met goud beslaan was en met brons deure. Daar is gesê dat jy nie na die tempel in die daglig kon kyk nie want dan sal jy verseker verblind word!

Dit moet ons dus nie verbaas dat die dissipels hieroor verwonderd was nie. Maar hierdie verwondering sê ook vir ons dat die dissipels ten spyte van alles nog steeds nie verstaan wat aan gang was nie. Toe Jesus die tempel gereinig het, was dit 'n aankondiging van die oordeel van God teen Jerusalem en die tempel wat voltrek gaan word. Met die gelykenis van die boere en die wingerd, het Jesus duidelik gesê dat die eienaar van die wingerd gaan kom en die boere doodmaak en die wingerd vir ander mense gaan gee. Dit is 'n oordeelsuitspraak teen die tempel.

Maar ten spyte van alles kon die dissipels nie hulle verwondering keer nie. Jesus se reaksie, egter, moes hulle met skok en afgryse vervul het. "Sien jy hierdie groot geboue? Hier sal nie een klip op ander bly nie; alles sal afgebreek word."

Dit was 'n profetiese uitspraak wat ongeveer veertig jaar later bewaarheid sou word. In die jaar 70 na Christus is die tempel deur die Romeine verwoes. Dit het gekom aan die einde van 'n oorlog wat reeds sedert 66 na Christus geduur het en wat ontstaan het as gevolg van 'n opstand deur die Jode wat die juk van die Romeine wou afgooi.

Die verwoesting van die tempel word deur Joodse geskiedskrywer, Flavius Josephus, in detail beskryf. Dit was verskriklik.

Maar toe Jesus met sy dissipels gepraat het, was dit nog iewers in die verre toekoms. Hulle vra toe vir Jesus wanneer hierdie verwoesting gaan plaasvind – en toe begin Jesus om met sy dissipels te praat oor wat vir hulle as sy dissipels voorlê in die tyd voor die verwoesting van die tempel.

Jesus het dit duidelik gemaak dat hulle nie 'n maklike tyd sal hê nie.

> *Mense sal julle aan …* (Markus 13:9-13)

Maar dit alles beteken nog nie Jerusalem se einde nie. Daar sal self oorloë en gerugte van oorloë wees en koninkryke sal teen mekaar te staan kom en daar sal aardbewings wees – maar ook dit beteken nog nie dat Jerusalem se einde aangebreek het nie.

Jesus sê egter dat hulle die situasie mooi moet dophou – want sodra 'n sekere ding gebeur – dan moet hulle vlug. Dan moet die man wat op sy dakstoep sit nie ingaan om iets in sy huis te gryp nie en die man wat op die land is moet nie omdraai om sy klere te gaan haal nie. Dit sal bitter swaar gaan met vrouens wat swanger is en klein babatjies het, waarsku Jesus.

Die ding wat moet gebeur, wat op die einde van Jerusalem sal dui is wanneer (vers 14) julle die ding wat 'n gruwel is vir God en wat verwoesting aanrig, sien staan op die plek waar hy nie moet wees nie – wie dit lees moet dit goed begryp – dan moet dié wat in Judea is, die berge invlug.

Wat is hierdie ding wat 'n gruwel is vir God en wat verwoesting aanrig? Dit verwys waarskynlik na die leërs van die Romeine, wanneer hulle Jerusalem binneval en begin om die tempel te verwoes.

Omtrent alles wat Jesus in hierdie hoofstuk sê het byna letterlik net so waar geword in die jare 66-70 n.C. Die enigste ding wat Jesus hier sê en wat nie gebeur het nie – was die wederkoms van die Seun van die Mens. Ons wag vandag nog daarvoor.

Wat sê dit alles vir ons vandag? Eerstens: nêrens belowe Jesus sy dissipels maanskyn en rose nie. Om die waarheid te sê: ons moet eintlik verwag om swaar te kry. Die lewe op aarde is nie maklik nie. Jesus noem 'n klomp dinge: (vers 7-8) … Ons kan die lysie uitbrei:

daar sal diefstal en inbraak wees, daar sal onreg en diskriminasie wees, daar sal plaasmoorde wees, kapings, korrupsie, verkragting ens.

Hier's die troos: (vers 8b) "Hierdie dinge is geboortepyne, die begin van die nuwe tyd." God is besig om geboorte te gee aan sy koninkryk. 'n Geboorteproses is nooit sonder pyn nie. Maar die uiteinde is vreugde. Net so wag daar vir ons vreugde – 'n vreugde wat die huidige swaar tyd heeltemal sal oorskadu.

Wat sê Jesus dus vandag vir ons? Hy sê vir ons om vas te byt – ons as gelowiges is hier aan die suidekant van Afrika geplaas om hier lig te bring. Dis ons roeping, en in hierdie roeping moet ons volhard. Die boosheid moet ons met liefde beveg. As daar een ding is waarvoor die bose nie bestand is nie, is dit liefde. Die bose floreer op haat en wraak, maar teen liefde het dit geen verweer nie.

- Opheffing van straatkinders
- Armoede beveg
- Vigs
- Gemeenskapsopheffing
- Barmhartigheid

Ons moet op talle maniere vir die wêreld wys dat God mense liefhet. Ons moet God se lig in die donkerste plekke gaan indra en aan mense God se liefde demonstreer. Gaan ons in die proses swaarkry? Sal ons opofferings moet maak? Sal daar lyding wees? Ja, ongetwyfeld.

Maar lyding en swaarkry moet dus nooit vir 'n Christen bedreigend wees nie.

Ons verheug ons in die swaarkry, want ons weet: swaarkry kweek volharding, en volharding kweek egtheid van geloof, en egtheid van geloof kweek hoop; en die hoop beskaam nie, want God het sy liefde in ons harte uitgestort deur die Heilige Gees wat Hy aan ons gegee het. (Rom 5:3-5)

Lydenstyd nooit slegte nuus nie. Ons herdenk Jesus se lyding en sterwe – normaalweg nie goeie nuus nie – maar in Jesus se geval baan dit die weg tot 'n nuwe lewe vir ons. Daarom: *Goeie* Vrydag.

Kom ons keer net weer vir oomblik terug na die verhaal van Markus. Dinsdagaand laat kom Jesus en sy dissipels weer in Betanië aan, moeg en uitgeput.

Woensdag gaan Jesus nie weer Jerusalem toe nie. Hy bring die dag in die huis van Simon die Melaatse deur. Daar sou 'n vrou 'n besondere daad van liefde verrig.

Hoe kom ons liefde vir Jesus na vore?